# 2013-11-17_am2_johan-geyser_uit-die-hart_jakob-die-hemel-is-oop

**Sprekersleutel**

OM Onbekende Manlike Spreker
JG Johan Geyser

OM En Jakob het uit Berséba vertrek en na Haran gegaan. Daarop kom hy by ‘n plek waar hy die nag oorgebly het, want die son was al onder. En hy neem een van die klippe van die plek en sit dit onder sy hoof, en hy gaan lê en slaap op die plek. En hy het gedroom daar is ‘n leer op die aarde opgerig waarvan die spits tot aan die hemel reik terwyl die engele van God daarlangs opgeklim en daarlangs neergedaal het.

En kyk, die Here het boaan gestaan en gesê, Ek is die Here, die God van jou vader Abraham, en die God van Isak. Die land waarop jy lê en slaap sal ek aan jou en jou nageslag gee, en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide. En in jou en jou nageslag sal al die geslage van die aarde geseën word. En kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan, en Ek sal jou terugbring in hierdie land, want ek sal jou nie verlaat nie totdat ek gedoen het wat ek vir jou gesê het.

Daarop word Jakob uit sy slaap wakker en sê, waarlik, die Here is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie. En hy het bevrees geword en gesê, hoe vreeslik is hierdie plek. Dit is hier niks anders as ‘n huis van God nie, en dit is hier, die poort van die hemel. Toe staan Jakob die môre vroeg op en neem die klip wat hy onder sy hoof gesit het en rig dit as ‘n gedenksteen op, en hy het olie daaroor uitgegiet. En hy het die plek Bet-El genoem, maar die naam van die stad was tevore Lus.

JG In die verhaal van Jakob waarna ons vandag kyk is daar drie groot momente: die tydperk voor sy droom, sy droom, en dit wat volg op sy droom. In elke een van hierdie momente word daar na die hemel verwys, in die eerste plek dat die hemel toe is voor die droom, dat die hemel oopgaan met sy droom, en dat hy daarna in ‘n nuwe lewe instap na die droom.

Eerste moment: Jakob is op ‘n slegte plek in sy lewe. Sy lewe is besig om uitmekaar te val. Vers 11 skets vir ons ‘n prentjie van iemand wat op ‘n plek kom. Die plek het nie eers ‘n naam op daardie stadium nie en dis ‘n plek van niks. Daar is niks wat uitstaan op die plek nie. Daar is niks op daardie plek wat vir hom iets kan beteken nie. Dis êrens in nêrens waar hy is. Hy het ook niks nie. Ek meen, hy vat ‘n klip vir ‘n kussing. Hy het nie eers ‘n rugsak of ‘n paar kouse of ‘n baadjie of iets wat hy kan gebruik vir ‘n slaap... vir ‘n kussing nie. En dan, metafories, sak die son op sy lewe.

Jakob is een van ‘n tweeling.  Hy is tweede gebore.  Hy het aan die hakskeen van sy broer vasgehou met geboorte, maar hy was glad nie dieselfde as sy broer nie.  Dit was nou nie ‘n identiese tweeling nie.  Sy ouer broer, Esau, was die Camel Man.  Hy is ‘n jagter.  Hy is fisies.  Dis ‘n man van min woorde.  Dis ‘n man wat op sy sintuie floreer en leef.  Sy kos, sy jag, die avontuur, die goed is wat hom laat tick en wat vir hom belangrik is.

Esau [sic] is mama’s boy.  Hy is in die kombuis.  Hy maak lekker sop.  Hy connect diep met sy ma.  Jy weet, dit lyk asof sy pa alles wat hy graag sou wou wees in Esau raaksien, en Esau is sy gunsteling.  Jy weet, en ‘n mens sou nou gedink het dat dit Jakob genoeg seergemaak het en skade gemaak het dat hy nie die patroon sal herhaal nie, maar toe hy kinders kry, raai wat, toe het hy ook ‘n gunsteling seun wat hy voortrek voor die ander.

En dis asof Jakob sy hele lewe leef om die guns van sy pa te kry, daardie innerlike seën en blessing wat net nie beskikbaar is vir hom nie.  Hy probeer alles om dit te kry.  Hy kan dit net nie kry nie.  Julle ken die verhaal hoe hy uiteindelik sy broer se eersgeboortereg by hom koop, verruil vir ‘n pot lensiesop, sy pa mislei deur ‘n bokkie se velletjie oor sy voorarm te sit sodat sy pa die hare kan voel wat baie naby aan Esau se hare sou wees.  Sy pa is blind.  Hy sê, ek moet my goed regkry voor ek doodgaan, jy weet.

En net vir interessantheidshalwe, hy het nog 24 jaar langer geleef na hy die seën gegee het.  Dit laat jou dink aan ‘n middelklas Afrikaner wat sê ek wil net alles regkry voor ek doodgaan, want enige tyd kan dit nou met my gebeur, nê.  En hy kry sy sake in orde, maar nou moet hy vlug.  Hy moet vlug vir sy lewe want sy pa... hy leef met skande.  Hy sit met skuld.  Hy sit met verwyt.  Hy sit met vrees.  Sy broer het gesê, ek gaan jou doodmaak.  Nou is hy stoksiel alleen.  Die hemel is toe.

Wat hy voel is dat God baie vêr is van hom af.  God is totaal onverstaanbaar.  Hoekom gebeur hierdie goed met my in my lewe?  Wat het ek gedoen?  Ek probeer net my bes.  En moet ek ook nie iets doen nie?  Ek meen, daar was ‘n profetiese woord gewees dat die ouer een die jonger een sou dien, voor sy geboorte.  En wat moet ek doen?  Hoe moet ek dan te werk gaan om ‘n beter lewe te kan kry, om in hierdie gesin te kan funksioneer, om ‘n toekoms te kan hê?  Niks wil vir my uitwerk nie.  Hy beleef ook glad nie vir God nie.

Sy oupa en ouma het groot getuienisse, Abraham, gehad van wie God eintlik is.  Hy word die vader van monoteïsme genoem.  Hy is die eerste persoon wat met die groot idee gekom het dat daar net een God is.  Daar is nie ‘n klomp gode in hierdie wêreld nie.  En hy het gepraat van sy ervaringe met God.  Sy eie pa en ma het ervaringe gehad met God.  Hy weet net van God.  En nou is God baie vêr van hom af.  En hy weet nie wat hy kan doen nie.  Hy weet nie wat om te doen nie.  Hy gaan slaap.

In daardie situasie, in daardie plek kom God na hom toe, en hy het ‘n droom.  Hy sien.  Hy sien ‘n leer wat opreik tot in die hemel, engele wat op en af gaan teen die leer, God wat bo is.  En God praat met hom.  Hy bevestig die belofte wat hy gegee het aan sy oupa Abraham en Hy sê vir hom, Jakob, jy is nou alleen, maar jy gaan ‘n volk word.  Jy gaan ‘n nasie word.  Ek is besig met ‘n ding, Jakob.  Ek het... dit wat jy leef

en dit wat jy sien, daar is iets baie groter as dit aan die gang. Ek het ‘n plan met hierdie wêreld, en dis My storie. En ek nooi jou nou om deel te word van My storie, en deur jou gaan al die volke van die wêreld geseën word. Dis die belofte van die koms van Christus wat aan hom gegee word.

En toe sê Hy vir hom drie goed wat ek dink seker sy drie grootste behoeftes op daardie oomblik aanspreek, en Hy sê vir hom, Jakob, Ek is met jou. Ek meen, die laaste keer wat Jakob beleef het dat iemand met hom was was toe sy ma by hom was. Dis die enigste persoon in sy lewe wat hom aanvaar het en wat hom liefgehad het en wat vir hom liefde gegee het, en dis nou weggeneem van hom af vir altyd. Hy is alleen. God sê, Ek is met jou.

Die Here sê vir hom, Ek gaan jou bewaar. Jy is weerloos. Jy kan jouself nie beskerm nie. Jy het geen sekuriteit op hierdie stadium nie. Kom ek sê net vir jou, Ek is jou sekuriteit. Ek gaan na jou... Ek gaan jou bewaar en Ek gaan vir jou sorg. Jy het niks nie. Ek gaan vir jou gee. Jy gaan land besit. Jy gaan ‘n vrou kry. Jy gaan kinders kry. Jakob, daar is vir jou ‘n toekoms, en Ek het vir jou ‘n toekoms.

Hierdie ervaring in hierdie droom skud hom. Hy skenk aandag aan hierdie droom wat hy ontvang het en hy... die Bybel sê hy is gevul met vrees, met verbasing, maar ontsag, dis waarmee hy sit. Hy sê ek het dit nooit geweet nie. God is op hierdie plek. Dit het soos ‘n gewone plek gelyk, maar dit is nie ‘n gewone plek nie. Dit is nie soos ek gedink het en soos ek gevoel het nie. Ek het gevoel God is vêr. Ek het gevoel die hemel is toe. Die hemel is nie toe nie. Die hemel is oop.

Ek het gedink ek is alleen. Ek het gedink God is onbetrokke by my lewe. Ek het gedink ek is sommer maar net nog net iemand. Ek is nie. God is betrokke in my lewe. Hy het ‘n bergtop ervaring. Hy het een van daardie ervaringe waaruit hy uitgelig word en ‘n totaal nuwe perspektief kry op sy lewe, op wie hy is, op wie God is en hoe die lewe werk. Kyk, as jy bo op ‘n berg is dan sien jy ‘n rivier en jy sien klippe en jy sien heuwels en jy sien paaie, maar as jy daar onder is dan sien jy dalk net die pad, en jy weet nie of hierdie pad gaan aanhou vir altyd net en of dit ooit êrens heen lei nie.

As jy daar bo is dan kan jy dit sien. En as jy daar onder is en jy kan nie die ander goed sien nie dan neem dit nie die bestaan van die ander goed of die werklikheid van die ander goed weg nie. Dis net dat jy dit nie kan sien nie. Dis net dat jy nie bewus is daarvan nie. En dikwels is ons op ons lewens ook op daardie plekke waar ons nou voel die hemel is toe en niks gaan vir my uitwerk nie, maar God lig hom uit en Hy sê vir hom, Ek het ‘n ander perspektief. Daar is ‘n ander soort lewe. Die realiteit van jou lewe lyk anders.

Wat is die gevolg daarvan, en natuurlik, wat hou dit vir ons in en wat beteken dit vir ons? In die eerste plek is die groot openbaring vir Jakob dat God na hom toe kom. Dit is eintlik ‘n openbaring van die Evangelie. Ek het drooggemaak. Ek verdien dit nie, maar God kies om na my toe te kom. Hy kom ontmoet my en Hy hou dit nie teen my nie. Hy is ‘n genadige God. Kyk, al die pogings in hierdie wêreld is, en al die godsdienste in hierdie wêreld is die teenoorgestelde. Ons moet die tien gebooie hou.

Ons moet die eightfold path volg.  Ons moet die vier pilare vestig in ons lewe.  Dan sal God.

Die Evangelie is, nee, jy kan nie iets doen nie.  God doen dit vir jou.  Hy het dit klaar vir jou gedoen, en die hemel is oop.  Jou toegang na God toe is onbevange.  Die deur is oop, en Johannes sien dit.  In die boek van Openbaring sê hy hy kry ‘n gesig en hy sê ek wil net vir julle sê daar is 'n groot deur in die hemel, maar hy is oopgemaak.

Jesus verwys na hierdie ervaring van Jakob in Johannes 1 toe Filippus sy vriend Nataniel na Jesus toe bring en hy sê vir Nataniel, Nataniel, kom kyk hierso.  Miskien is hierdie die Messias.  En hy kom by Jesus, en Jesus groet vir Nataniel en Hy sê vir Nataniel, hier is ‘n Israeliet sonder bedrog.  En Nataniel sê, ja, baie dankie, dis wat my vriende ook van my sê.  Maar hoe kan Jy dit van my sê?  Jy ken my mos nie.  Hoe kan Jy dit van my sê?  Jy is mos ‘n skeptiese tipe persoonlikheid.

En Hy kyk na Nataniel en Hy sê vir hom, Nataniel, Ek het jou gesien onder die vyeboom.  En skielik word Nataniel se voete onder hom uitgevat, daardie skeptiese bewyse waarna hy gesoek het of Jesus die Messias is is weggeneem.  Ons weet nie wat het gebeur onder die vyeboom nie. Dit moes iets baie persoonlik en intiem gewees het wat daar gebeur het, maar hy besef skielik, maar dit wat daar gebeur het het ek met niemand gedeel nie en Hy weet daarvan.  En hy sê vir hulle, dis is die Messias hierdie.

En Jesus sê vir hom ‘n interessante ding.  Hy sê vir hom, Nataniel, jy glo omdat Ek vir jou gesê het Ek het jou onder jou vyeboom gesien, maar kom Ek sê vir jou, van nou af sal die mense sien en sal jy sien en almal sal sien dat die hemel oop is en dat die engele opstyg en neerdaal op die Seun van die mens, op My.  Wat sê Jesus?  Jesus, in metaforiese taal sê Hy vir hom, Nataniel, kom Ek sê net vir jou, Ek is die leer.  Ek is die weg.  Ek is die pad na die hemel toe.  Nataniel, kom Ek sê net vir jou, Ek is die deur.  Ek is die deur, en Ek kom net vir jou sê Ek kom maak dit oop.

Ek bring die Koninkryk van God, om die woorde van die afgelope twee weke te gebruik.  Die Koninkryk van God is nou hier.  Dis oop, en jy het toegang tot die Koninkryk van God.  Geweldige woorde wat gesê word.  So ons kan op ‘n plek wees soos Jakob waar ons voel die hemel is toe.  Ons kan dink die hemel is toe, maar die hemel is oopgemaak deur Christus, en Hy nooi ons uit.  Hy sê vir ons, kom, kom, soek My. Jy sal My vind, want die hemel is klaar oopgemaak.  Daar is niks wat jy hoef te doen om God se positiewe ingesteldheid te ontvang nie.  Dis klaar gedoen vir jou. Soek My.

En weet jy, deur die tradisie en deur die eeue het hierdie idees oor hoe ons kan soek na God posgevat.  En dis net interessant dat van hulle sterk verband hou en gesien kan word in die lewe van Jakob.  Jakob verlaat sy ouers se huis, jy weet, en hier is die idee dat daar dikwels ‘n verplasing in jou lewe moet plaasvind, ‘n vrywillige verplasing.  Soms gebeur dit onvrywilliglik.  Jy kan nie kies nie.  Jy word verplaas deur ‘n siekte of ‘n ongeluk of iets wat met  jou gebeur, en dan kan jy kies hoe jy daarna kyk.  Maar hierdie verplasing kan baie positief... jy kan dit omsit in ‘n soeke na God toe.

Jakob moes eers uit die omgewing kom van sy apatiese pa, sy beherende ma, en sy kompeterende broer. En die oomblik toe dit met hom gebeur toe is dit asof hy op ‘n ander plek gaan. Hy gaan op ‘n pelgrimstog. Hy kom in die natuur. Hy slaap. En party van ons het baie groter slaapbehoeftes as ander. En dis vir party van ons baie nodig om te herstel, om oop te gaan, om op die plek te kan kom waar jy kan hoor. En dis ‘n manier van soek. Wat het jy nodig? Wat het jy nodig? Om eenkant te kan kom, om weg te kan kom sodat jy kan hoor, sodat jy kan agterkom, want God praat met jou.

Die hemel is oop. Die hemel is oop. Jakob het God beleef deur ‘n droom, en dit is een van die maniere waarop God na ons toe kom, deur die ervaringe en die gebeure in ons innerlike wêreld. Dit is hoe God met ons werk. Baie van ons is totaal afgesny van die innerlike wêreld af. Dis nie dat die hemel toe is nie. Dis dat jy toe is. En Johannes van die kruis het gesê dit is nie dat God nie teenwoordig is nie, dit is dat ek nie teenwoordig is nie. En skenk jy hoegenaamd aandag aan dit wat in jou innerlike wêreld gebeur?

Ons leef in ‘n tyd wat daar groot skeptiesheid bestaan teenoor drome. Ek dink die algemene idee is, by Christene, dat ek sal weet as dit ‘n droom van God is, jy weet. Maar daar is dalk ‘n ander... jy weet, dalk te doen met die modernisme, met die tyd waarin ons lewe, ons baie fisiologiese verklaringe het vir alles wat gebeur. Maar daar is... agter die fisiologie is daar baie ander dimensies van ‘n belewenis wat ons nie kan ontag nie. En wat ons ten minste kan doen is om ons drome ernstig te neem, neer te skryf, dalk te praat daaroor, en te bid daaroor en te vra, Here, wil U vir my iets sê. Is daar iets wat U vir my... onder my aandag wil bring?

Hy werk in jou. Hy beweeg binne in jou. Jy weet, Hy nooi jou uit. Jy weet, Ignatius het gepraat van consolation en desolation. En hy gee oefeninge, maniere waarop jy ‘n sensitiwiteit kan ontwikkel vir dit wat binne in jou gebeur. Paulus sê in Kolossense 3:15 let the peace of God, the soul harmony which comes from Christ, continually act as umpire in your life, deciding and settling with finality all the questions that arise in your minds. Het jy 'n sensitiwiteit vir die vrede van God in jou lewe, want dis die stem van God in jou lewe wat jou uitnooi en vir jou sê, nie daardie nie, nie dit nie, dit.

Dis waarnatoe Ek jou uitnooi, ‘n hart wat begin te brand deur die skrifte. Jy lees die Bybel. Jou hart begin, soos Lukas 24, die Emmausgangers, binne in jou te brand. Dis God wat met jou praat. Dis God wat jou uitnooi. Baie van ons skenk nie aandag daaraan nie. Dis nie dat Hy nie praat nie; dis dat ek nie... ek weet nie dis Hy nie. Jy weet, Samuel, die Here roep Samuel. Samuel weet nie dis die Here wat met hom praat nie. Hy sê vir Eli, wat gaan aan. Eli moet vir hom verduidelik en Eli moet hom help.

En partykeer het ons iemand nodig om ons innerlike ervaring te kan interpreteer en ons te kan help, en moet hierdie diep innerlike reis gedeel word met iemand sodat jy kan agterkom Hy praat met jou. Hy stuur mense in jou lewe. Jy weet, dit is... ons vind Hom in die bewegings van ons innerlike. Ons vind Hom deur die mense wat ons pad langs kom. Ons vind Hom deur die nood en deur die gebeure en die goed wat in my aan... om my aan die gang is. En dit skreeu uit en dit roep uit na my toe, en die Here nooi my uit.

Ons het nie ‘n oor wat kan hoor nie. Dit was een van Jesus se groot probleme as Hy praat. Hy sê, julle het ore maar julle hoor nie. Julle het oë maar julle sien nie. Waarvan Hy praat is ‘n innerlike sien. Dis ‘n oog wat moet oopgaan. Dis ‘n oor wat moet oopgaan om te hoor, maar dis God wat met my praat. Die hemel is oop. Die hemel is oop. Jy kan met God ontmoet en jy kan met God wandel en jy kan Sy stem hoor. Die nuwe tydperk het aangebreek.

Die tweede groot ding wat Jakob ontdek is dat sy hele lewe transformeer deur die bewussyn dat God in sy lewe is en dat God in sy lewe werk. Skielik lyk alles anders, jy weet. Ek is nie alleen nie. Daar is ‘n groter plan vir my lewe. Daar is ‘n rede vir my bestaan. Ek het iets wat ek moet doen met my lewe. Hy kry sin in die lewe, jy weet, en miskien is die grootste waarde of die grootste ding waaroor die lewe gaan nie net om gelukkig te wees nie, maar is dit om sin te kan kry in die lewe. En Jakob kry dit want God praat met hom. Skielik lyk die wêreld anderster. Die aarde is vol van die heerlikheid van God, en hy sien dit en hy ontdek dit.

Rolheiser skryf ‘n boek met die naam Against an Infinite Horizon. Jou lewe begin af te speel teenoor die agtergrond en die doek van ‘n Goddelike teenwoordigheid. Die wêreld is skielik 4D, nie net 3D nie. Daar is 'n ander dimensie by, ‘n geestesdimensie wat daar bestaan, en van baie vroeg af was die idee in die kerk daar dat dit dalk is waarheen die geestelike lewe kulmineer en waarheen die geestelike lewe jou vat, om uiteindelik met God te verenig.

Dit is nie dat God nie in jou lewe is nie, maar dis net ‘n dogma. Dis iets wat jy weet. Dis iets wat jy kan vergeet, maar die doel is nie om die dogma reg te kry nie. Die doel is om die ervaring en die belewenis van die realiteit in jou lewe te vestig. Dis die geestelike weg. Ek is een met God. Die Heilige Gees is in my. Maar ek het nie daardie bewussyn nie, en die lewe is soveel anderster as ek daardie bewussyn het. Ek sien kans vir die lewe. Dis okay om alleen te wees. My alleenheid is nie meer eensaamheid nie. Dit is hoe die lewe... dit is waarvoor ek gemaak is, om so te leef.

Jy weet, in Psalm 27 sê die Here, require for and enquire My presence as your vital need. Dis hoe ons gemaak is, om met God te wandel en met daardie bewussyn deur die lewe te gaan. Soos Petrus sê, your life is a journey. You must travel with a deep consciousness of God. Jy weet, en as Paulus aan die Korintiërs skryf dan, ek sien dit elke keer. Ek sien hoe gryp hy ‘n Korintiër so voor aan sy bors en hy sê vir hom, weet jy nie? Dan, die hele idee van consciousness is ‘n paar dekades oud, so in vandag se taal: het jy nie die bewussyn nie?

Dis nie, het jy jou dogma reg nie. Weet jy nie, jy is ‘n tempel van die Heilige Gees? Jy is Bet-El. Jy is die huis van God. Lewe met daardie bewussyn dat God in jou is, dat God met jou is. Lewe met dit. En daar is ‘n sekere soort lewe wat ek moet ontwikkel om hierdie bewussyn by my te vestig. En dis die derde groot ding wat die effek is op Jakob se lewe. Hy maak ‘n commitment. Kyk net wat doen hy. Hy vat daardie klip waarop hy geslaap het en hy stapel hom op en hy pak ander klippe om hom.

Wat doen hy? Simbool. Hy kry ‘n simbool. Hier het ‘n innerlike ervaring plaasgevind. Iets onsigbaar, God, het na hom toe gekom in ‘n droom en met hom gepraat. Nou wil ek... uiterlik, ek kry vir my ‘n simbool. En hy het ‘n ritueel. Hy gooi olie bo op die klip uit. Hy onderneem pelgrimstogte terug na Bet-El toe. Hy begin te bid. Hy ontwikkel ‘n gebedslewe. Hoekom doen hy nou hierdie goed? Want dit gaan nie net om die ervaring nie.

Jy weet, en dis so teen die kultuur waarin ons leef. Ervaring is te koop vandag. Enige soort ervaring is te koop vandag. En ervaring word genuanseerd. Dit, jy weet, dit is fisiese, seksuele, verbeeldingsvlug, noem dit, dit is te koop. En dis asof daar ‘n onversadigbare lus is na ervaring toe. En dis asof ons ervaring, ons is totaal verbruikersgeoriënteerd, en die groot ding is nou, het jy dit al ervaar? En baiekeer raak dit by God ook so. Dis nog ietsie wat ek wil aftick op my lys.

Ja, ek het ook ‘n altered state of consciousness gehad. Ek het ook in tale gepraat. Ek het al omgeval. Ek het al... het jy al daardie kursus gedoen? Het jy al dit...? En ek tick hom net af. Maar die doel van... dit was nie Jakob se oriëntasie nie. Jakob sê, nee, nou het ek ervaar. Nou moet ek hierdie ervaring integreer in my lewe. Ek wil... hierdie ding wat ek nou hier beleef het moet ek verstaan, maar ek wil hom nie net verstaan met my kop nie. Hy moet deel word van my lewe. Ek wil nou op ‘n ander manier begin lewe. Hy verander sy manier van lewe.

Jy weet, en die doel daarvoor is om te werk met jou innerlike wêreld. Dis om te werk met jou geheue. Ons het ‘n probleem met ons geheue. Ons onthou die goed wat ons moet vergeet en ons vergeet die goed wat ons moet onthou, as gevolg van die sondeval, dink ek. Kyk, dink net bietjie daaraan. Waar jy tenagekom is kan jy nie vergeet nie. Dis so helder soos daglig. Dis gister. Ek sien nog die trek hier in sy mond toe hy dit vir my sê.

Maar kan jy jou geesteservaring onthou? Hoe vars is dit met jou? Jou bekering van 20, 30 jaar, hoe vars is dit by jou? Kan jy dit...? Ons het ‘n probleem. Ons is... ek moet ‘n... ek moet ‘n Christelike geheue ontwikkel. Ek moet ‘n geestesbewussyn ontwikkel wat sal bo my psige funksioneer en uitkom. En hoe kry ek dit reg? Wel, simboliek en ritueel is een van die maniere. Dis een van die age genademiddele wat ons ontvang het deur die eeue, soos ek sê, in die godsdiens opgeneem.

Elke keer wat ek ‘n ritueel beoefen dan neem ek deel aan ‘n snaakse, vreemde handeling wat onverstaanbaar kan wees vir baie mense. Ek gaan, ek steek ‘n kers aan. Maar weet jy wat doen ek as ek... dis simboliek, maar die... ek sit vir myself ‘n bril op om te kyk na die realiteit van my lewe en sê, dis nie soos wat dit lyk nie. Daar is meer aan my lewe in die realiteit wat jy kan waarneem met jou oë. Ek ontwikkel ‘n persepsie. Ek ontwikkel en ek vernuwe my denke. Ek begin anderster te kyk. Ek kry ‘n ander paradigma waaruit ek begin te leef. Ek vestig ander waardes in my lewe.

Jakob ontwikkel 'n nuwe manier van lewe, en wat ons doen, as ons ‘n gebedslewe begin te ontwikkel dan is dit om die lense van my bril skoon te maak. Dan is dit om my ore oop te maak dat ek kan hoor, en dan is dit dat ek nie aan die slaap moet raak nie. Jakob het ‘n geestesontwaking gehad. Ek was aan die slaap. Ek was onbewus. Nou is ek bewus. Maar my natuurlike neiging is weer om aan die slaap te raak.

Ek het hierdie oefeninge, hierdie praktyke in my lewe nodig, en ek het ander mense in my lewe nodig om saam met my te staan en my aan te moedig sodat ek hierdie ding kan aanhou doen, sodat ek kan wakker bly en nie aan die slaap raak nie. Jesus sê, waak, moenie aan die slaap raak nie, want dis gevaarlik om aan die slaap te raak. Jy mis die koms van die Koninkryk. Jy mis die Koninkryk. Jy mis die lewe as jy onbewus is. Bewussyn is die lewe waarvoor jy geroep word, en dit is die manier waarop jy kan instap daarin.

Die vraag is, waar is jy vanoggend. Is jy dalk op 'n plek waar jy sê, die hemel is vir my toe? Dis chaos. Dit voel of my lewe besig is om uitmekaar uit te val. Ek kan nie verstaan hoe kan 'n God van liefde dit aan my doen nie. Hoekom laat Hy toe dat hierdie goed met my gebeur? Die hemel is toe. Vanmôre is die uitnodiging, kom na Hom toe. Soek na Hom. En die vraag is miskien net wat is dit wat jy moet doen in jou soeke? Moet jy eenkant kom? Moet jy bietjie wegkom? Moet jy afsonder? Moet jy weer in die lewe van Jesus instap? Praat met Hom.

Wat moet jy doen? Hoe nooi die Here jou vanmôre uit om na hom te soek? Miskien is jy op 'n plek waar jy sê, ek beleef iets, maar ek verstaan nie. Ek weet nie, miskien het jy 'n Eli nodig om net saam met jou te loop, te verklaar, te verduidelik wat gebeur met jou, en iemand wat die pad ken, iemand wat die innerlike wêreld en hoe God werk met ons, iets daarvan verstaan om jou te kan help om te weet, maar wat is my volgende stap wat ek moet neem.

Miskien is jy op 'n plek waar jy sê, ek het dit beleef, ek het dit ervaar, jy weet. Dis so goed om tussen mense te kom wat dit ook ervaar het, om jou te help om daardie ervaring te hê. Miskien sê jy ek het net 'n klein bietjie ervaar. Dis, hou vas aan dit. Dis, waaraan skenk jy aandag. Jakob het net gedroom. Ek wonder hoe sou sy droom vandag, as hy vandag in die wêreld waarin ons leef, in die kultuur waarin ons leef, waar drome so geminag word, of hy enigsins dalk aandag sou geskenk het. Jis, ek het baie vleis geëet gisteraand, jong, weirdste droom gehad, engeltjies, leertjies, weird. Kom ons gaan aan met die lewe.

Hy weet ek moet aandag skenk. Ek moet aandag skenk. God is besig om te klop. Kan jy die klop hoor? Kan jy oopmaak? Miskien is jy op 'n plek waar jy sê, ja, ek weet wat dit is. Daar was 'n tyd in my, die vuur in my het so gebrand, die vlam in my het gebrand. Ek het so 'n bewussyn gehad. Die wêreld is so anderster. Ek het weer aan die slaap geraak. Ek het dit weer verloor. En miskien, net miskien, is daar vanoggend weer 'n honger, iets in jou wat losgemaak word, wat sê, dit is waarna ek soek. Dis waarvoor ek gemaak is.

Miskien het jy by baie fonteine gaan water drink en jy voel vanmôre, en jy weet vanmôre, ek kan nie my dors daar les nie. Ek is gemaak vir meer. Ek is gemaak om te lewe met God. Ek is gemaak om te lewe met 'n bewussyn van God, en ek wil 'n geestelike mens word. Ek wil 'n geestelike pad begin te wandel. Dit gaan nie net vir my oor 'n ervaring en van ervaring na ervaring te leef nie. Ek wil 'n verhouding hê met God. En weet jy wat, 'n verhouding kan partykeer kan partykeer boring raak, en partykeer kan 'n verhouding uitdagend raak, maar ek wil 'n verhouding, ek wil 'n genuine, diep verhouding met God hê, want dis waarvoor ek gemaak is.

Kom ons bid saam. Vader, dankie dat ons hier kan saam wees vanmôre. Dankie vir U woord wat 'n lig is vir ons pad. Dankie vir die hemel wat oopgegaan het. Here, dankie. Al lyk dit nie so nie, al voel dit nie vir ons partykeer so nie, die waarheid en die realiteit is anders. Help ons. Help ons om te sien, agter te kom, hoe U in ons werk. Help ons om 'n lewe te ontwikkel waarin ons kan wakker wees, waarin ons kan ontwaak, kan bewus wees. Dankie vir die lewe wat U vir ons wil gee. In Jesus se naam, amen.

As Paulus sy briewe afskryf dan... afsluit, dan sê hy gewoonlik, die Here is met julle. En hy sê dit nie om nou skielik vir hulle te sê van nou af gaan die Here saam met jou wees na ek dit vir jou gesê het nie. Hy sê dit vir hulle sodat hulle kan bewus raak daarvan, sodat hulle met daardie bewussyn kan leef. God is met julle. Die Here Jesus is met elke een van julle in hierdie week wat voorlê, amen.